



Dierevelle word gebruik om baie verskillende goed mee te maak.

'n Mens gebruik ook die velle van diere om dinge van te maak. Die velle kan na sagte en buigsame **leer** verander word. Mense het van vroeg af al die blare en bas van sekere plante hiervoor gebruik.

Vandag word leer gebruik om duur skoene en baadjies, handsakke, gordels, meubels en motorsitplekke te maak.

Die jagter-versamelaars het wilde diere vir vleis gejag. Hulle het die dierevelle gebruik om klere en skoene te maak.

## AKTIWITEIT 3 Beantwoord vrae oor dierevesels en -velle

1. Wat is leer?
2. Kyk na die prente van leervoorwerpe.
   a. Noem drie van die voorwerpe wat in die prent gewys word.
   b. Vind uit watter dierevelle kan gebruik word om leer te maak.
   c. Word hierdie diere nog steeds deur mense vir hul vleis gejag? Bespreek in 'n groep.
3. Verduidelik waar wol vandaan kom. Waarvoor word dit gebruik?

## Hout en vesels van plante word gebruik om papier te maak

Binne-in die stingels en blare van plante is lang drade of vesels. Hierdie onverwerkte materiale kan gebruik word om papier en ander dinge soos kartonverpakking te maak.

## AKTIWITEIT 4 Lees en beantwoord vrae oor hoe papier gemaak word

1. Lees eers die vrae sodat jy weet wat om voor te soek in die teks en vrae op bladsy 75. Verduidelik aan 'n maat wat in die prente gebeur.
2. Waar kom die plantvesels waaruit papier gemaak word, vandaan?